

Vrydag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:1-28; HK Sondag 18, 19

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:24, 26b, 28 (1933/53-vertaling)

Hemelvaart en wederkoms verbind

In Genesis 14:13 word na Abraham as 'n Hebreër verwys. God het met hom en sy nageslag 'n ewige verbond gesluit. Abraham is die vader van die gelowiges. In hierdie sin kan vandag se gelowiges hulle ook met die naam "Hebreër" vereenselwig.

Ná die sondeval is daar 'n afstand tussen God en die mens (Gen. 3:23, 24). Om nader aan God se heerlikheid terug te keer, word Moses beveel om 'n tabernakel te bou volgens die voorbeeld wat God hom op die berg getoon het. Versoeningsoffers moet dáár voor God se heilige teenwoordigheid gebring word. Die hoëpriester slag die offerdier buite die tabernakel (of die latere tempel) en gaan met die offerdier se bloed deur die voorhof en die heilige gedeelte die allerheiligste gedeelte binne. Rondom die verbondsark word die bloed van die offerdier gesprinkel ter versoening van die hoëpriester en die volk se sondes. Nadat die hoëpriester die offer gebring het, kom hy uit die tabernakel (tempel) uit en seën die volk met woorde soos byvoorbeeld Psalm 134:3. Daarmee sê hy: Die Here het jou sonde vergewe!

Dit is hoe dit in die Ou Testament gewerk het. Christus is egter die Middelaar van 'n beter en Nuwe Testament. Buitekant die heiligdom, op Golgota, word Hy aan 'n kruis geoffer met al ons sondes op Hom. Hyself is die offer, nie 'n stomme dier nie. Hy word begrawe. Op die derde dag staan Hy uit die dood uit op, en vir 40 dae verskyn Hy aan sy mense as 'n bevestiging dat die dood oorwin is.

Met die offerbloed vir die vergifnis van al ons sondes gaan Christus na God se heiligdom. "Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met (mense)hande gemaak ... nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn" (9:24) ... "om die sonde deur sy offer weg te doen" (9:26b). Christus is in die hemel vir ons ten goede, om vir ons voorspraak te doen, plek te berei. Hy is daar as Hoof van die kerk. Hy beskerm en bewaar ons (HK Sondag 18).

Net soos die hoëpriester uit die heiligdom kom om God se volk te seën, só kom Christus as Hoëpriester van die Nuwe Verbond met sy wederkoms uit die ware heiligdom van God uit na die uitverkorenes, die Hebreërs, toe. Na hulle wat Hom verwag, bring Hy die ewige saligheid en verlossing van hulle sondes as eindseën met Hom mee (9:28b). Alle uitverkorenes word na God geneem om die hemelse blydschap en heerlikheid te beleef (HK Sondag 19).

Jy, mede-Hebreër – na die hemel het Christus gegaan met sy bloed as offer vir ons sondes om daarvandaan terug te kom met die volkome verlossing en saligheid vir dié wat Hom verwag (9:28b)! Daarom, wag saam met my met 'n reikhalssende verlange na sy wederkoms!

Sing: Psalm 134:1, 2, 3 (1936)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)